DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Weerklank

## Vars fokus vir Vrouebediening




*Vroue in gesellige en geesdriftige luim by 'n oggendtee-geleentheid wat in Maart by die Hangklipkerk gehou is. Die vrouebediening se fokus is die geestelike groei van vroue en om bowenal in pas te wees met God se plan vir die vroue van NG Kogelberg en die groter gemeenskap.*

**Herfs 2026**

## In hierdie uitgawe


- "So moet julle dan bid..."
- Gemeentestrategie – 'n nuwe seisoen
- Boodskap van dr Stephan Naudé
- Hulp vir hantering van verlies



# Gebedsgroepe

**Gebedsbediening by die NG Kerk Kogelberg**

*Artikel saamgestel deur Marita Grobler*

In ons gemeente is daar verskeie gebedsgroepe en elkeen het ‘n fokuspunt vir gebed volgens lidmate se behoeftes.

Daar is ‘n gebedsgroep in die Kapel by Kleinmondkerk; ‘n gebedsgroep in Bettysbaai by die Hangklipkerk; daar word vir sendelinge en vir die verspreiding van die Evangelie in Suid-Afrika en oor die wêreld gebid; daar is ‘n gebedsgroep in Gerimed en elke kleingroepbyeenkoms in die gemeente bid tydens hulle byeenkomste.

Die gebedsbyeenkomste word in die 2026-almanak bekendgemaak, asook in die Kerkklok wat Sondae by die kerkdeure uitgedeel word. Ons maak rojaal gebruik van die inligtingstegnologie en elektroniese media wat die Eerste Gelui per e-pos uitstuur en ook per WhatsApp-groepe vanuit die kerkkantoor. Sondae word die werksaamhede van gebedsgroepe ook op die kennisgewingskerm met die eredienste bekend gemaak.

## WAT GEBED IS

Gebed is eerstens om God se aangesig te soek, om stil te word voor Hom, Hom te loof, te eer en te dank en na Hom te luister. Ware gebed is altyd praat én luister. Word stil en dink na oor wie die God is met wie jy praat. Hy is ‘n lewende werklikheid. Hierdie stilte kan spontaan oorgaan in lofprysing, want as jy eers oor God dink en jou verwonder oor Sy liefde en genade vir jou spesifiek, sal jy nie anders kan as om Hom te loof nie. God is groot en heilig. Bely jou sondige natuur en stel jou onderdanig aan Hom.

Vra vir God dit wat jy van Hom nodig het en sê vir Hom dankie dat hy weet wat jy nodig het. Hy weet wat jy nodig het nog voor jy dit van Hom vra. Maak ‘n punt daarvan om vir Hom dankie te sê vir Sy versorging van jou.

In die gebedsgroepe tree ons lidmate ook op as voorbidders en bid ons vir mense wat siek is, ly onder aanslae en beproewinge, ons bid vir alle leiers, bekendes, geliefdes en kennisse. As jy voel jou gebed is vlak en onbehople, sê dit vir God. Die Heilige Gees sal vir jou intree by God wanneer jy nie weet wat om te bid nie.

Eindig jou gebed soos Jesus in Getsemané: "..laat U wil geskied.." Leer om te wag op God se antwoord.

VOORBIDDING

Voorbidding is 'n spesifieke vorm van gebed en word só deur 'n voorbidder verwoord: "Die mantel van die voorbidder is nie 'n pragtig versierde kleed wat almal bewonder nie. Dit is swaar. Dit kos baie. Dit word in die geheim gedra en word selde of ooit gesien.

"'n Voorbidder word ingenooi in die raadsaal van God. Jy voel aan wat ander ignoreer. Jy dra swaar aan dit wat ander vermy. Jy tree in as dit makliker sou wees om weg te stap. Dit vra uithouvermoë, reinheid van hart en gehoorsaamheid, selfs sonder enige erkenning of verduideliking.

"Voorbidding behels nie net 'n gebed nie. Dit is 'n deelgenootskap. Jy voer oorlog vir mense van wie jy heel waarskynlik nooit 'n dankie sal kry nie. Jy huil vir stede wat jy heel waarskynlik nooit sal sien nie. Jy swoeg en worstel in gebed sodat ander opstaan en 'n deurbraak beleef. Dit hou jou laag in aanbidding voor God sodat ander vry uit kan gaan. Dit leer jou om te luister voordat jy reageer. Hierdie opdrag van voorbidding leer jou om te bid totdat die Heilige Gees vir jou die antwoord gee.

As jy 'n voorbidder in NG Kogelberg is, bly getrou en kom sluit aan by die gebedsgroepe. Wat jy in die geheim doen, beïnvloed die uitkoms van gebeure in die toekoms. God reageer, selfs as die mens stil geword het.



***Foto:*** *'n Lidmaat verdiep in gebed by een van die gebedsgroep-byeenkomste.*

## Hulp is byderhand wanneer jou hart wil breek (na egskeiding of sterfte)

Die ondersteuningskursusse **DivorceCare** en **GriefShare** word weekliks aangebied, met Elza Marais as fasiliteerder. Sy het reeds jare se ondervinding in die aanbied daarvan.

### DivorceCare: Jou pad van pyn na herstel

Wat wag op jou by DivorceCare?

- **Ware begrip en aanvaarding:** Hier word jy omring deur mense wat presies weet hoe jy voel omdat almal deur soortgelyke pyn gaan. Geen oordeel nie – net 'n plek waar jy jouself kan wees saam met mense wat ook bydra, jy weet dat jy nie alleen is nie en dat jou omstandighede nie noodwendig uniek is nie. Al is die pyn hoe swaar. Jy IS NIE ALLEEN NIE!
- **Hoop wat weer opflikker**: Dit is moontlik om diepe waters te oorkom. Deur video-getuienisse en groepgesprekke ontmoet jy mense wat gedink het daar is niks om voor te lewe nie, maar wat weer vreugde sal beleef. Hulle help jou om daardie selfde hoop te vind en jou innerlike lig weer van voor af aan te steek en hoog te laat brand.
- **Wysheid vir die pad vorentoe:** Kry weekliks praktiese raad van beraders en kundiges. Hul insigte bied antwoorde op die vrae wat jou snags wakker hou en help jou om wyse keuses te maak vir jou nuwe hoofstuk vol mooi beloftes. Ons is in staat daartoe. Dit is ons eie lig wat ons moet aansteek, en ons kan!
- **Struktuur in die chaos** Wanneer alles buite beheer voel, bring DivorceCare stabiliteit. Die program kombineer kragtige video-sessies, ondersteunende gesprekke en 'n persoonlike werkboek om 'n padkaart na innerlike vrede te skep.

### Die Program-ontwerp

- **Dertien doelgerigte sessies:** Elke onderwerp is fyn beplan om jou stap-vir-stap deur die herstelproses te lei.
- **Tyd vir genesing:** Sessies van 90-minute verseker dat daar genoeg ruimte is vir diepgaande inhoud en betekenisvolle gesprekke wat tot genesing lei.
- **Jou persoonlike werkboek:** 'n Onmisbare gids vir refleksie gedurende die week, wat jou help om die lesse in jou eie lewe toe te pas om weer jou eie lig te laat skyn. Waar daar lig is, is daar lewe. En waar daar lig is, lê eindelose moontlikhede voor jou oop. Ontwaak met die bruisende energie diep binne-in jouself, staan op uit die as van gister, en begin vandag met 'n lied in jou hart. Jou nuwe hoofstuk wag.

*Vir meer inligting, kontak Elza Marais, fasiliteerder van die kursus vir 11 jaar, met persoonlike ondervinding van die egskeidingsproses, by 082 706 2284.*

## GriefShare – Kry hoop om weer voort te gaan

Daar bestaan talle mites oor rou. Hoewel dit baie persoonlik is, is daar **mites oor rou** wat mense laat voel dat hulle op ’n sekere manier “behoort” te rou. Hier is van die algemeenste mites en die werklikheid daaragter.

**Rou volg ’n vaste stel fases:** Baie mense glo rou beweeg altyd deur die vyf fases wat beskryf is deur Elisabeth Kübler-Ross.
**Werklikheid:** Rou is nie ’n reguit proses nie. Mense kan emosies soos hartseer, woede, aanvaarding of ontkenning in verskillende volgordes ervaar — of soms glad nie. Elke mens rou op sy/haar unieke manier. Die verhouding tussen ‘n persoon en die oorledene beïnvloed ook die intensiteit van rou.

**Jy behoort ná ’n sekere tyd “aan te beweeg”:** Sommige mense dink daar is ’n sosiaal aanvaarbare tydperk vir rou.
**Werklikheid:** Daar is **geen tydsbeperking vir rou nie**. Genesing kan maande of jare neem, en herdenkings of herinneringe kan emosies lank daarna weer oproep.

**Om sterk te wees beteken jy moet nie emosie wys nie:** Mense voel dikwels druk om hul rou weg te steek.
**Werklikheid:** Om te huil, oor die verlies te praat of kwesbaarheid te wys is ’n **gesonde deel van rou**.

**Dit is beter om alleen te rou:** Sommige mense dink hulle moet ander nie met hul rou belas nie.
**Werklikheid:** Ondersteuning van vriende, familie of ’n gemeenskap kan baie help met die genesingsproses.

**As jy nie huil nie, rou jy nie regtig nie:** Rou word dikwels uitgebeeld as voortdurende hartseer, terwyl lag verbode behoort te wees.
W**erklikheid:** Mense rou op verskillende maniere. Sommige wys hul emosies openlik, terwyl ander dit meer stil en innerlik verwerk.

**Om besig te bly sal die rou laat verdwyn:** Om besig te bly word soms as die oplossing gesien.
**Werklikheid:** Afleiding kan tydelik help, maar rou moet gewoonlik **erken en verwerk** word.

**Die lewe sal nooit weer betekenisvol voel nie:** In die begin van rou kan dit voel asof vreugde nooit weer moontlik sal wees nie.
**Werklikheid:** Hoewel die verlies altyd deel van jou lewe bly, vind baie mense met tyd weer betekenis, verbintenis en selfs geluk.

**As jy rou, rou jy net oor jou geliefde wat weg is:** ‘n Persoon ervaar ook sekondere verliese bv. verlies van vriendskap, van ‘n toekoms alleen, selfs van eie identiteit.

**’n Nuttige manier om oor rou te dink:** In plaas daarvan om “daaroor te kom”, leer baie mense om **die verlies saam met hulle te dra terwyl hulle steeds voluit leef**.

**IN PAS MET DIE LEWENDE GOD** – ’n Nuwe Seisoen

Maak ons as ‘n gemeente erns daarvan om in ’n verhouding met Christus te wees, asook in onderlinge verhoudings met mekaar? Indien wel, is dit nodig om voortdurend in ’n proses van ‘belyning’ te wees. ’n Proses om te verseker dat ons as gemeente ‘in pas is met God’.

’n Gemeente is immers ’n lewende sisteem van verhoudinge wat mense bymekaar hou. En die Kerk en sy lidmate is tog die kanaal waardeur liefde na die wêreld vloei.

Só gesels Marius Ungerer onlangs, toe hy die taak en doel van die gemeente se nuwe ‘Begeleidingspan’ in beginsel verduidelik. Kyk gerus weer na die organigram van die gemeente (hieronder), waar dié span saam met ander aksies, komitees en bedienings aangedui word. Marius speel as ’n lid van die kernkerkraad ’n sleutelrol in die Begeleidingspan, waarvan die lede met die kommissies en bedieningsgroepe sal skakel en gesprekke sal voer oor die spesifieke fokusareas van toepassing. Dit behels ‘breë mediumtermynbeplanning vir 2026-2028’. (Dit is ook in die gemeente se 2026-almanak.)

**Uitnodiging**

Hy sê die organigram is ’n uitnodiging aan enigiemand wat geroepe voel om deel te word van die proses. Die proses kan beskryf word as ‘n nuwe seisoen waarin die klem op luister, deursigtigheid en die vrye vloei van inligting sal wees.

Die doel is om van ’n visie (ons roeping) na ’n doelbewuste uitvoering daarvan te beweeg, deur middel van deurlopende gesprekvoering. Ons gemeente se roeping, soos uitgebeeld deur die baniere in die drie kerkruimtes, is algemeen bekend:

- ***Draers van lig***
- ***Verskilmakers met deernis***
- ***Ambassadeurs van hoop***




Dan is daar ook vier strategiese prioriteite wat in gedagte gehou sal word:

- Geestelike groei
- Gemeenskaps-impak
- Finansiële volhoubaarheid
- Stroombelynde organisasie

Marius herinner daaraan dat ’n beplanningsiklus in ’n moderne samelewing ’n deurlopende proses van vernuwing is wat baie afhanklik is van siklusse van terugvoer. Derhalwe sal die rol van die begeleidingspan ook wees om die terugvoer uit gemeentegeledere te integreer in die beplanningsproses.

Die strategie word deurlopend as ‘n ontluikende proses (‘emergent strategy’) gevorm deur insette na die gemeentebegeleidingspan van onder andere bedieningsgroepe en kommissies.

**Die kernvraag in die proses bly die volgende:**
“Is ons gefokus op die regte dinge —en is ons bereid om daarvoor verantwoordelikheid te neem?”

# Die ritme van ‘n nuwe gemeente

Boodskap van dr. Stephan Naudé

Die afgelope tyd het iets in my begin skuif. Miskien is dit die nuwe huis, miskien die natuur om ons, of dalk net die ritme van ’n nuwe gemeente, maar dit voel asof alles bietjie stadiger en meer eg geword het.

Om hier wakker te word is reeds ’n ervaring op sy eie. Die lig, die stilte, die gevoel van ruimte, dit herinner my amper elke dag hoe bevoorreg ons is om hier te kan leef. Dis nie net ’n nuwe plek nie, dit begin soos ’n nuwe manier van leef voel.

In dieselfde asem het ek die afgelope paar weke by verskeie wyksbyeenkomste uitgekom, onder andere in Pringlebaai en Bettysbaai, en ook uitnodigings van ander wyke. Ek het half verwag dit gaan formeel of selfs ’n bietjie geforseerd voel, maar dit was die teenoorgestelde.

Dit was eenvoudig. Eg.

Om saam te sit, koffie te drink, en na mense se stories te luister, stories van geloof, van swaarkry, van hoop, het my weer herinner dat God nie net in groot oomblikke werk nie, maar juis in hierdie klein ontmoetings. Soos iemand dit so mooi gesê het, ons ontmoet mekaar net waar ons is.

Wat my opgeval het, is nie net die vriendelikheid nie, maar dieper as dit, ’n stil oortuiging van hoop, liefde en genade wat regtig leef in mense se lewens. Dis nie iets wat jy probeer skep nie, dis iets wat reeds daar is.

Selfs in die gewone goed, koffiegesprekke saam met Heinrich, die eerste tekens van die basaar wat begin wys, gebeur daar iets van kerkwees.

En dan staan jy een dag in ’n leë vertrek, net ’n vloer en ’n paar stoele. Dit herinner my dat daar nog baie moontlikhede voorlê, en dat ons saam daarna kan uitsien.

Ek sien uit na wat voorlê en is dankbaar om dit saam met hierdie gemeenskap te kan beleef.